## Verwysings:

- Jaarverslag 2015/16
- Jaarverslag 2014/15
- Jaarverslag 2013/14
- Jaarlikse Prestasieplan 2014/15
- Jaarlikse Prestasieplan 2015/16
- Vyfjaar- Strategiese Plan
- Departementele Diensleweringshandves

## Hoe om ons te kontak:


**Provinsiale Minister**
**Mnr. Anton Bredell**
**Minister van Plaaslike Regering, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning**
Privaatsak X9186
Kaapstad
8000

**Kantoor van die Departementshoof**
**Mnr. Graham Paulse**
**Departementshoof**
Privaatsak X9076
Kaapstad
8000

Provinsiale webwerf: **www.westerncape.gov.za**
Tel: 021 483 4997


Wes-Kaapse Regering
Plaaslike Regering
BETER TESAME.

Ons werk elke jaar daaraan om openbare dienste en dienslewering in u omgewing te verbeter. Ons maak die Wes-Kaap **BETER TESAME**



# BURGERVERSLAG 2015/16

Wes-Kaapse Regering
Plaaslike Regering
BETER TESAME.

## Wie is ons?

Die Departement van Plaaslike Regering in die Wes-Kaap het in die Grondwet die verantwoordelikheid ontvang om munisipaliteite te monitor en te ondersteun om dienste aan gemeenskappe te lewer.

### Ons vernaamste funksie

Die Departement is verantwoordelik vir die bevordering van goeie beheer in munisipaliteite en om munisipaliteite te bemagtig om dienslewering te verbeter.

### Ons missie

Die missie van die Departement is om munisipaliteite te monitor, te koördineer en te ondersteun om doeltreffend te wees in die uitvoer van hul ontwikkelingsmandaat en om dienslewering en rampgereedheid te fasiliteer deur betrokkenheid by sfere van regering en maatskaplike vennote.

### Ons visie

Die visie van die Departement is om 'n doeltreffende en dinamiese span te wees wat goed beheerde munisipaliteite in staat stel om op 'n responsiewe, volhoubare en geïntegreerde manier dienste aan gemeenskappe te lewer.

### Ons waardes

- Omgee,
- Bevoegdheid,
- Verantwoordbaarheid,
- Integriteit,
- Responsiwiteit, en
- Innovering.

## Ons leiers



**Minister Anton Bredell** is 'n verkose politikus en is verantwoordelik vir die beheer van die Departement se bedrywighede in ooreenstemming met nasionale en provinsiale regeringsbeleide. Die Minister het 'n opregte hart en passie vir alle gemeenskappe. Hy streef altyd daarna om die Departement te lei om uiteindelik 'n verskil in die lewens van gewone mense te maak.



Die Departementshoof is **Mnr. Graham Paulse.** Hy is 'n staatsamptenaar wie se doel dit is om Plaaslike Regering te transformeer tot 'n innoverende onderneming wat doeltreffende dienste aan alle gemeenskappe lewer. Mnr. Paulse se vernaamste funksie is om te verseker dat die Departement die ministeriële en regeringsriglyne op 'n doeltreffende manier **implementeer**

Minister, Plaaslike Regering – Mnr. A Bredell

Hoofdirekteur, Finansies – Me. B Sewlall-Singh
Departementshoof, Plaaslike Regering – Mnr. G Paulse
Direkteur, Beleid en Strategiese Ondersteuning – Mnr. A Dlwengu

Hoofdirekteur, Geïntegreerde Dienslewering – Me. N Zamxaka
- Direkteur, Openbare Deelname – Mnr.C Mitchell
- Direkteur, Gemeenskaps Ontwikkelingwerker-program – Mnr.H Magerman
- Direkteur, Geïntegreerde Ontwikkelings-beplanning – Mnr.W Carelse
- Direkteur, Dienslewering-integering – Mnr.M Pretorius

Hoofdirekteur, Munisipale Prestasiemonitering en Ondersteuning – Mnr. K Haarkoff
- Direkteur, Munisipale Ondersteuning en Kapasiteitsbou – Me.s E Barnard
- Direkteur, Distriks- en Plaaslike Prestasiemonitering – Mnr.K Haarhoff
- Direkteur, Munisipale Infrastruktuur – Mnr.M Brand
- Direkteur, Munisipale Regering – Mnr.K Makan
- Direkteur, Gespesialiseerde Ondersteuning – Mnr.M Wilter

Hoofdirekteur, Rampbestuur en Brandweerdienste – Mnr.C Deiner
- Direkteur, Ramprisiko-vermindering – Mnr.S Carstens
- Direkteur, Ramp-operasies – Me. J Pandaram

Op 31 Maart 2016 het die Departement 'n totaal van 361 gefinansierde poste gehad; 345 van daarvan was gevul, wat 'n vakaturesyfer van 4,4% op 31 Maart 2016 tot gevolg gehad het.

**Indiensneming en vakatures volgens salarisvlak soos op 31 Maart 2016**

| Salaris-kategorie | Aantal gefinansierde poste | Aantal poste gevul | Vakature-syfer (%) |
|---|---|---|---|
| Laergeskoolde (Vlakke 1-2) | 0 | 0 | 0.0% |
| Geskoolde (Vlakke 3-5) | 33 | 30 | 9.1% |
| Hoogs geskoolde produksie (Vlakke 6-8) | 209 | 207 | 1.0% |
| Hoogs geskoolde toesighouding (Vlakke 9-12) | 103 | 94 | 8.7% |
| Senior bestuur (Vlakke 13-16) | 16 | 14 | 12.5% |
| **Totaal** | **361** | **345** | **4.4%** |

**Belangrike fokustemas in 2015/16**

- Verbeter die kapasiteit van munisipaliteite om dienste aan almal te lewer
- Verbeter beheer en nakoming in munisipaliteite
- Versterk gesamentlike koördinasie, beplanning en gemeenskapsbetrokkenheid
- Bring regeringsdienste nader aan die mense
- Verbeter provinsiale reaksie op ramprisiko's

## Verbeter die kapasiteit van munisipaliteite om dienste aan almal te lewer

**meer as 97%**

**Die Provinsie behaal steeds meer as 97% van Munisipale Infrastruktuurtoelaebesteding.**

- Die "Back to Basics"-program is gebruik as 'n middel om gedifferensieerde vlakke van ondersteuning aan munisipaliteite te verskaf.
- Die Departement het munisipaliteite van geteikende en geïntegreerde kapasiteitsbou-inisiatiewe voorsien. Dit sluit gedeelde dienste, mentorleiding en afrigting sowel as projekte oor goeie beheer in.
- Agtien (18) munisipaliteite is ondersteun met die ontwikkeling van 'n gestandaardiseerde IKT-webwerf.
- Daar is 'n oudit oor die funksionaliteit van die grootmaat-SMS-stelsel gedoen. Die Departement het 'n paar munisipaliteite ondersteun met die ontwikkeling en opgradering van die stelsel om doeltreffende implementering te verseker.
- Gestandaardiseerde webwerwe sowel as die grootmaat-SMS-stelselinsiatiewe sal kommunikasie tussen munisipaliteite en gemeenskappe verbeter.
- Geakkrediteerde munisipale opleiding is aan munisipale beamptes voorsien om te verseker dat hulle die toepaslike vaardighede het om dienslewering te ondersteun.
- Die Wet op Munisipale Eiendomsbelasting (WMEB) sal munisipale praktisyns ondersteun en van advies en leiding voorsien ten opsigte van uitdagings. Dit sal ook beste praktyke deel.
- Die Departement het aan die voorpunt van 'n aantal ingrypings gestaan wat daarop gemik was om projekbeplanningspyplyne in die Provinsie te versterk. Hierdie grootmaatinfrastruktuurprojekte het baie behuisingsprojekte ontsluit wat bygedra het tot beter toegang tot basiese dienste.

## Verbeter beheer en nakoming in munisipaliteite

**29 munisipaliteite**

**29 munisipaliteite het gedurende die boekjaar 2014/15 'n ongekwalifiseerde ouditopinie van die Ouditeur-generaal ontvang.**

- Die Departement monitor steeds besluitnemingsprosesse in munisipale raadsvergaderinge.
- Munisipaliteite is gehelp met die funksionaliteit van die Munisipale Komitees oor Openbare Rekeninge. Dit is noodsaaklik vir goeie munisipale beheerpraktyke.
- Die prestasie van senior munisipale beamptes is belyn

met die GOP's, 80 prestasie-ooreenkomste van 57 bestuurders is geassesseer teen Dienslewerings- en Begrotingsimplementeringsplanne (SDBIP's).

## Versterk gesamentlike koördinasie, beplanning en gemeenskapsbetrokkenheid

Die GOP is die belangrikste instrument vir ontwikkeling in gemeenskappe, aangesien dit die fondament is om begrotings van munisipaliteite met die behoeftes van die gemeenskappe wat hulle dien, te belyn. Die Departement het dus 'n verskeidenheid projekte in verband met GOP in gemeenskappe ondersteun.

- Die Departement het die GOP-indaba-werkgroep sowel as die gesamentlike beplanningsinisiatief- (GBI) proses gekoördineer. Dit is in alle distrikte in werking gestel.
- Die Departement gaan voort om gesprekke tussen alle regeringsfere aan te moedig en dit te ondersteun deur middel van die MinMaytec, MinMay sowel as die PKF-vergaderings. Gedurende hierdie vergaderings het munisipale bestuurders, die Premier en senior bestuurders uit die Departement met mekaar geskakel oor kwessies met betrekking tot plaaslike regering.
- Die Departement het Gemeenskapsgebaseerde Beplanning (GGB) ondersteun aangesien dit een van die voorlopers van die GOP-proses is wat 'n omgewing skep vir betekenisvolle deelname aan munisipale GOP-prosesse en die gemeenskapseienaarskap van ontwikkeling verbeter.
- GGB se Lei-die-opleier-op-kursus is in agtien (18) beamptes uit agt (8) munisipaliteite in werking gestel.

## Bring regeringsdienste nader aan die mense

**Meer as 1 m. burgers gehelp**

**Meer as 'n miljoen mense is gehelp deur middel van die Thusong-program asook deur gemeenskapsontwikkelingwerkers wat in verskeie munisipaliteite dwarsoor die hele Provinsie gevind kan word.**

Die Thusong-programme, tesame met die Gemeenskapsontwikkelingwerkerprogram, speel steeds 'n kritieke rol om te verseker dat alle burgers toegang tot inligting en regeringsdienste verkry.

- Aan die einde van die boekjaar is een-en-dertig (31) mobiele eenhede vir uitreike in verskeie gemeenskappe van stapel gestuur wat toegang tot dienste nader gebring het aan daar waar mense woon.
- Meer as 30 000 gemeenskapsake is na die toepaslike regeringsdepartemente verwys.
- Kleinskaalse geleenthede is gerealiseer deur die ondersteuning van 60 gemeenskapsgebaseerde projekte.

**6 890 Werksgeleenthede geskep**

**Die Departement speel steeds 'n toesighoudende rol in die Gemeenskapswerkerprogram wat deur die Nasionale Departement van Samewerkende Regering bestuur word. In 2015/16 is daar 6 890 werksgeleenthede geskep.**

## Verbeter provinsiale reaksie op ramprisiko's

**Doelgemaakte brandbestrydingsvoertuie**

**Die Departement het met 'n proses begin om ten volle toegeruste, doelgemaakte brandbestrydingsvoertuie aan te koop wat in landelike munisipaliteite in die hele Provinsie aangewend sal word.**

- Die Departement het die gevaarbewustheidsprogramme in 34 landelike skole in die hele Provinsie gehou wat meer as 1 500 kinders bereik het.
- Deur die Wolwekloof-opleidingsentrum vir nooddienste het die Departement tien (10) opleidingskursusse aan meer as 400 nood- en reddingspersoneel in die hele Provinsie voorsien. Dit is 'n belangrike mylpaal vir die Provinsie om aandag te gee aan die kapasiteit van nood- en reddingspersoneel.
- Die Departement het etlike munisipaliteite gehelp met die ontwikkeling van rampgereedheidsplanne.
- Die Departement het R6,6 miljoen tot boorgate en gepaardgaande pypwerk bygedra.

**37m. vir brandbestrydingskapasiteit**

**Brandbestrydingsvoertuie vorm deel van 'n 3 jaar-projek waartydens R37 miljoen in die verbetering van brandbestrydingskapasiteit deur die hele Provinsie belê sal word.**

## Ons begroting

**Die Departement het 98% van die begroting benut.**

**Ons het 'n totale begroting van R218 miljoen ontvang.**

**Die Departement het R213 van die aangesuiwerde toedeling benut, wat beteken dat 98% van die begroting bestee is.**

Begroting per program

| Begrote fondse en direkte vorderings | 2015/16 Aangesuiwerde begroting R'000 | 2015/16 Verskuiwing van fondse R'000 | 2015/16 Oordrag R'000 | 2015/16 Finale begroting R'000 | 2015/16 Werklike besteding R'000 | 2015/16 Afwyking R'000 | 2015/16 Besteding as % van finale begroting % | 2014/15 Finale begroting R'000 | 2014/15 Werklike besteding R'000 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Program** | | | | | | | | | |
| 1. Administrasie | 38,627 | - | (93) | **38,534** | 37,240 | 1,294 | 96.6% | 37,805 | 37,054 |
| 2. Plaaslike bestuur | 111,962 | - | (1,597) | **110,365** | 106,309 | 4,056 | 96.3% | 117,330 | 117,032 |
| 3. Ontwikkeling en beplanning | 67,782 | - | 1,690 | **69,472** | 69,471 | 1 | 100% | 43,994 | 43,393 |
| 4. Tradisionele institusionele Bestuur | 1 | - | - | **1** | - | 1 | - | 1 | - |
| **TOTAAL** | **218,372** | **-** | **-** | **218,372** | **213,020** | **5,352** | **97.5%** | **199,130** | **197,479** |
| **Versoening met Staat van finansiële prestasie** | | | | | | | | | |
| **Plus:** Departementele ontvangste | | | | 386 | | | | 621 | |
| **Werklike bedrag volgens Staat van Finansiële Prestasie (Totale inkomste)** | | | | **218,758** | | | | **199,751** | |
| **Werklike bedrae volgens Staat van Finansiële Prestasie Besteding** | | | | | **213,020** | | | | **197,479** |